

Gereformeerde Kerk Bellville – 1 Mei 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 104:1, 2 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans; die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke, en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder; want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Gebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk? Wie is op aarde aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond? Geen gawe of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis. U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan – dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek. Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het; diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Skriflesing: 1 Timoteus 1:1-20; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 15

Kernvers: 1 Timoteus 1:15-16

Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red, van wie ek die vernaamste is. Maar daarom is aan my barmhartigheid bewys, dat Jesus Christus in my as die vernaamste al sy lankmoedigheid sou betoon, om 'n voorbeeld te wees vir die wat in Hom sal glo tot die ewige lewe. (1 Timoteus 1:15-16 AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 15

Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie om dan daarvoor vergoed te word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang is God alleen ewige dankbaarheid verskuldig en dank God ook daarvoor. Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae of beroem hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het terwyl hy niks het nie. Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend.

Vir die ander wat nog nie geroep is nie moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onself so van hulle onderskei het nie.

'n Verduideliking by artikel 15

Hierdie genade verwys na die geloof waarvan ons in artikel 14 bely. Die geloof is 'n gawe van God wat Hy in die mens ingee en instort. Maar Hy is aan niemand hierdie genade verskuldig nie.

In die twee vrae word beklemtoon dat die mens niks het om aan die Here te gee nie. Die eerste vraag fokus op die mens voor die sondeval. Adam het al voor die sondeval – toe hy nog heilsame kennis van sy Skepper gehad het en in sy wil en hart geregtigheid was, ja, toe sy gesindheid nog suiwer was en hy volkome heilig was – niks gehad wat hy kon sê dit is syne nie. Sy liggaam, sy lewe, ja, sy alles het Hy van God ontvang. Dus het hy niks van sy eie wat hy aan God kon gee om in die ruil daarvoor die gawe van geloof te kry nie.

Die tweede vraag fokus op die mens na die sondeval. As die mens inderdaad net sonde en leuens het wat sy eie is, hoe kan hy dit gee en dink dat God dan aan hom die gawe van geloof verskuldig is? Met sy sonde en leuens verdien die mens niks minder nie as die ewige straf in die hel volgens God se regverdige oordeel.

Die res van die artikel belig die gesindheid wat die mens behoort te hê. Eers word daar gesê watter gesindheid die mens moet hê wat wel die genade ontvang het om te kan glo. Die mens aan wie God die gawe van geloof geskenk het is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig. Dit wil sê, sy hele lewe moet 'n dankoffer aan die Here wees, want in plaas van die regverdige straf vir sy sonde wat hy eintlik verdien het, het die Here die genade van geloof aan hom gegee sodat hy deur die geloof in die Naam van Jesus Christus vergifnis van sy sondes en die ewige lewe mag kry. Hierdie mens besef dan watter groot genade die Here aan hom bewys het, daarom dank hy die Here ook daarvoor.

In die tweede plek bely ons watter gesindheid die mens het wat hierdie genade nie ontvang het nie. So 'n mens heg geen waarde aan die geestelike dinge nie. Vir hom is geloof en die vryspraak deur die geloof waardeloos. Hy is net tevrede as hy self iets vir sy eie verlossing kan doen. Hy beroem homself ook nog boonop op wat hy doen. Maar wat hy doen beteken by die Here niks nie, want sy werk is nie volmaak nie. Daarom is alles wat hy doen en waarop hy hom beroem tevergeefs. So 'n mens het 'n selftevrede gesindheid en in sy gemoed is hy oorgerus omdat hy dink hy het die ewige lewe op grond van sy waardigheid.

In die derde plek bely ons wat die ware gelowige se gesindheid moet wees teenoor ander wat bely dat hulle gelowig is. Oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, moet daar baie gunstig geoordeel en gepraat word. Ons kan immers nie in die hart van mense sien nie. Maar wanneer ons hulle hoor hulle geloof bely en ons sien dat hulle hulle lewe verbeter moet ons aanvaar dat hulle gelowiges is soos wat hulle sê en lewe. Dit is immers die voorbeeld wat ons ook by die apostels kry.

In die laaste plek bely ons hoe ons gesindheid moet wees teenoor die mense wat nog ongelowig is. Uit hulle woorde en lewe kom ons agter dat God hulle nog nie geroep en aan hulle die genade van die geloof gegee het nie. God alleen gee die gawe van geloof, daarom moet ons tot Hom bid om ook aan hierdie mens geloof te skenk as dit sy wil is. Teenoor so 'n ongelowige mag ons onself hoegenaamd nie verhef asof ons beter as hulle is nie. Die feit dat ons glo is mos nie aan onself te danke nie. Dit is alleen aan die Here te danke wat ten spyte van ons sonde en leuens tog geloof aan ons geskenk het.

Tema: Verlose mense se gesindheid teenoor God en teenoor alle ander mense

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die meeste van ons, of miskien ons almal, het in huise grootgeword waar albei ouers Christene is. Wat 'n voorreg het die Here nie aan ons geskenk nie! Hy het beskik dat daardie twee mense wat ons grootgemaak het, wel ons ouers is. En dit is nog 'n groter voorreg dat hulle by ons doop nie maar net *ja* op die belofte gesê het om ons in die vrese van die Here se Naam groot te maak nie. Hulle het hulle regtig daarop toegelê om ons so groot te maak dat ons ons Drie-enige God kon leer ken en leer liefkry.

Daarom was die Bybel nog nooit vir ons 'n vreemde Boek nie. Eredienste was nie 'n vreemde ervaring nie. En vir ons wat waarlik in Jesus Christus glo as ons enigste en volmaakte Verlosser, is geloof in Hom die normale ding om te doen. Ons bevraagteken nie die waarde daarvan nie. Om die waarheid te sê, ons is heeltemal gewoond daaraan om te glo.

Maar saam met hierdie heerlike voorreg om van kleins af die Here te ken en in Hom te glo, is daar iets waarteen ons moet waak. 'n Mens kan so gewoond daaraan raak om in die Here te glo dat ons nie meer in verwondering daaroor is nie. Geloof in Jesus Christus kan vir ons so alledaags word soos om jou tande te borsel. Dit is iets wat 'n mens outomaties doen terwyl jou gedagtes maklik met iets anders besig is.

Met hierdie artikel en ons Skrifgedeelte kom haal die Heilige Gees vanaand die skille van ons oë af, die eelte van ons harte af, sodat ons weer kan agterkom wat dit beteken as die Here genade aan 'n mens bewys. Dit is nie maar sommer iets wat gebeur nie. Dit is radikaal en lewensveranderend. Eintlik behoort ware gelowiges nooit gewoond te raak aan die genade van die Here nie. Dit is nie iets wat Hy aan ons verskuldig is of waarop enigeen van ons 'n reg het nie. Sodra ons 'n reg het op iets of sodra ons iets geskuld word, kan dit nie meer genade wees nie. Genade is gratis. En die verruklikheid van genade is om weer te sien aan wie God dit gee.

Broers, susters en kinders, Paulus begin ons kernverse met 'n waarheid wat oral in die kerk al bekend was in daardie tyd. Hy sê dit is **'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word**. Wat hy nou gaan sê kan maar onvoorwaardelik geglo word. Jy kan dit ten volle aanneem. Daar is geen twyfel oor die waarheid van hierdie woorde nie. Hierdie woord het oneindige waarde. **Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te red**.

Moenie allerhande verhaaltjies wat oor Jesus vertel word glo nie, sê Paulus vir Timoteus. In die dae toe Paulus hierdie brief geskryf het, was daar mense wat van Jesus net 'n baie slim leermeester gemaak het wat allerhande wysshede verkondig het. En volgens hierdie valse leraars kon net die uitgesoektes en ingewydes hierdie wysshede begryp. In ons dae is daar ook mense wat allerhande slimhede maar onwaarhede aangaande Jesus verkondig. Hy is die Een wat wonderwerke doen. Jy moet net in Hom glo dan sal Hy alles wat in jou lewe verkeerd gegaan het in 'n oogwink regmaak en reghou.

Jesus Christus het nie in die wêreld gekom om die lewe vir ons nou hier op aarde hemel op aarde te maak nie. Hy het gekom om sondaars te red. As jy dink dat jy 'n redelik goeie mens is wat die regte dinge doen, soos Bybel lees en bid, dan het Jesus nie gekom om jou te red nie. Hy het gekom om net sondaars te red. As jy van jou sondes dink dat dit maar net 'n paar tekortkomings en foute is as gevolg van jou agtergrond, dan het Jesus jou ook nie gered nie. Hy het gekom om net sondaars te red. As jy dink dat jy te gelowig is om 'n sondaar genoem te word, het Jesus ook nie gekom om jou te red nie.

Ons Vader in die hemel het sy enigste Seun gestuur om sondaars te red. Wie homself nie as 'n sondaar sien nie en homself nie wil verneder tot op die vlak van 'n sondaar nie, sal nie die grootsheid van God se genade in Jesus Christus kan begryp en beleef nie. So 'n mens sal ook nie in verwondering kan staan oor God se genade nie. So 'n mens openbaar die gesindheid waarvan ons soos volg bely: **Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae of beroem hom sonder om na te dink tevergeefs op wat hy het terwyl hy niks het nie.**

As ware gelowige het Paulus die genade van God in Jesus Christus terdeë geken. Nóg sy amp as apostel nóg sy geleerdheid in die wet het aan hom sekerheid gegee. Dit is die feit dat hy 'n sondaar is dat hy besef het hoe verruklik die genade van God regtig is. Maar nou moet ons oplet hoe hy homself as sondaar beskou. Hy sê dat Christus Jesus gekom het om sandaars te red, van wie hy die vernaamste is. Hy sê dit nie as iemand wat maar onlangs tot bekering gekom het nie, maar as iemand wat al dertig jaar met God wandel.

Kyk net na die kronologiese verloop van hierdie uitspraak van Paulus. Twintig jaar na sy bekering het Paulus aan die Korintiërs geskryf:

Ek is die geringste van die apostels, wat nie werd is om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het. (1 Korintiërs 15:9 AFR53)

Omtrent sewe jaar later skryf hy aan die Efesiërs en noem homself **die geringste van al die heiliges** (Efes 3:8). En hier in ons teks, drie jaar na die brief aan die Efesiërs, sê hy dat hy die grootste sondaar is.

Met die woorde *grootste sondaar* verwys hy inderdaad na die verskriklike dinge wat hy gedoen het voordat hy tot bekering gekom het. Hy het gelaster omdat hy as Fariseër gesê het dat Jesus Christus nie die Seun van God kan wees en ook nog die beloofde Messias nie. Hy het die kerk van Jesus met ywer vervolg en probeer om dit van die aardbodem te laat verdwyn. En agter die laster en vervolging was die geweld wat in sy hart gebroei het. Maar dit is veral omdat hy oor dertig jaar al so intiem met God en Jesus Christus geleef het dat hy nog duideliker gesien het hoe verskriklik daardie sondes van hom was.

As hy homself die grootste sondaar noem, wil hy nie spog nie. 'n Mens spog net wanneer jy jouself met ander mense vergelyk. Paulus is lankal nie meer 'n Fariseër wat hom graag met ander mense vergelyk het nie. As hy sy sonde in die lig van God se heiligheid sien, kan hy nie dink dat daar nog groter sondes as syne kan wees nie. Sulke gruwelike dinge verdien net een ding en dit is die ewige dood.

In plaas van hierdie regverdige straf het God aan Paulus oorvloedig baie genade geskenk. Hierdie genade sluit in die geloof en liefde in Jesus Christus. Dit sluit ook in dat God hom waardig gemaak het om 'n apostel te wees. Uit die duisternis van die sonde en die dood het die Heilige Gees Paulus opgewek en in die lig van die Here se genade gebring.

Geliefdes, uit hierdie woorde van Paulus leer ons 'n groot les sodat ons kan waak teen daar die geneigdheid om gewoon te raak aan die Here se genade en die geloof. Het ek en jy al so naby aan die Here gekom dat ons ook in sy helder wit lig van heiligheid kan raaksien hoe swart en donker ons lewe van vroeër in die sonde was? Ons kan maar gereeld nadink oor daardie ellende waaruit die Here Jesus ons gered het sodat ons oor en oor kan besef hoe groot die Here se genade regtig is. Dan sal ons ook besef hoeveel dank ons aan Hom verskuldig is. Ons lewe op aarde sal gans te kort wees om Hom genoeg te dank vir sy genade. Ons sal die ewigheid nodig hê om dankie te kan sê.

Omdat Paulus met God gewandel het en in verwondering bly leef het oor die verruklikheid van God se genade saam met die opdrag wat hy as apostel gehad het, het hy agtergekom waarvoor die Here besig is om hom te gebruik. Die Here gebruik Paulus en sy bekering as 'n teken van die grootsheid van sy barmhartigheid en genade. Dit is asof die Heilige Gees vir ons in vers 16 sê: Kyk net wat het Jesus Christus met Paulus – die vervolger, lasteraar en gewelddoener – gedoen. Hy het hom 'n gewillige dienskneg van Hom gemaak. Dink net wat kan Jesus Christus met jou maak. As Hy vir Paulus uit die duisternis van die duiwel se ryk kon haal, dan kan hy dit ook met enige ander mens doen.

Ware gelowiges, as julle besef hoe donker die duisternis is waaruit God julle gered het omdat julle dag na dag sien hoe helder die heiligheid van God is, sal julle besef dat die Here inderdaad in staat is om enige sondaar te red. Daarom kan en mag ons tot Hom bid dat Hy ook aan die ongelowiges rondom ons die geloof sal skenk as dit sy wil is. Niemand se sonde is so groot dat hulle nie ook deur Christus gered kan word nie. En 'n gelowige wat besef hoe ruim en ryk God se genade vir hom is, sal met vreugde en opgewondenheid die evangelie van Jesus Christus ook aan die ongelowiges verkondig. 'n Ware gelowige sal hoegenaamd nie neersien op die ongelowiges asof hy beter as hulle is nie. Omdat sy verhouding met Jesus Christus al intiemer word weet hy dat hy ook daar was waar hierdie ongelowiges nog is. Dat hy nou kan glo is alleen aan God se groot liefde vir sondaars te danke.

Is ek en jy al die grootste sondaar in ons eie oë, broers en susters? As ons onself nog nie so sien nie, sal ons lof en dank aan die Here vir sy genade ook maar so-so wees en nie 'n jubelende lied wat die eer van God uitbasuin nie. Die Here wil hê ons moet onthou waar Hy ons uitgehaal het. Hy het vir Israel gesê:

En jy moet daaraan dink dat jy 'n slaaf in Egipteland was, en dat die HERE jou God jou verlos het. (Deuteronomium 15:15 AFR53)

Dit is wanneer ons deur die Wet van die Here oor en oor daaraan herinner word dat ons vyande van God is dat ons meer en meer die genade van die Here besef. Dan kan ons regtig aan Hom die eer en dank toebring wat Hom – ons barmhartige en regverdige God – toekom.

Amen!

Slotgebed

Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.